LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

22-02-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 7 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2016:**
Baie geluk aan ons 13 atlete wat D7 Atletiek kleure verwerf het! Sterkte aan dié atlete wat aan die Gauteng Kampioenskappe gaan deelneem!

2 **KULTUURAAND**:
Baie dankie aan elkeen wat die Kultuuraand bygewoon het! Baie dankie aan al die Graad 7 ouers wat gehelp het, insette gelewer het en dié van julle wat so hard gewerk het! Julle het gehelp om van die aand 'n groot sukses te maak!

3 **KOMMUNIKASIE**:
Soos u as ouers reeds weet het die skool 'n oopdeur-beleid! Indien u probleme het wat u onder die onderwysers se aandag wil bring, kan u dit in die Volkskool huiswerkboekie aanteken. Indien daar 'n dringende boodskap is, is u welkom om die kantoor te skakel. Boodskappe of oproepe, buite onderrigtyd, sal daar ontvang en hanteer word. U kan ook 'n afspraak maak en die personeellid self kom sien. U word dringend versoek om nie *probleme* op enige vorm van sosiale media te bespreek nie. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

4 **GRAAD 1 BRING EN BRAAI:**
Al ons Graad 1 Ouers word genooi na 'n bring en braai na afloop van bogenoemde wedstryde op 25 Februarie vanaf 18:00 by die skoolsaal. U pak u net u eie vleis, drinkgoed en piekniekmandjie en ons gee die bykosse. Hoop ons sien u almal daar!

5 **VOLKIE KLUB:**
Al ons ouers word uitgenooi na 'n BRING EN BRAAI op 2 Maart om 18:00 by die skoolsaal, om aan te sluit by die VOLKIE OUER-KLUB. U moet net u eie vleis, drinkgoed en piekniekmandjie pak. Ons het reeds met die Pa en seun-rugbybraai inligting aan u deurgegee. Wat die genoemde klub behels, is om ouers meer betrokke te maak en 'n geleentheid te skep om mekaar te leer ken. Verder wil ons dit ten doen stel om ons onderwysers te help om ons skool verder tot hoër hoogtes te vat. Soos die inligting in plek val, sal dit deurgegee word. Vir enige voorstelle of navrae kan u 'n epos stuur na club1907@laervolkskool.co.za of om direkte kommunikasie te ontvang, epos na drsjpotgieter@yahoo.com.

6 **SKAAK**:

Daar sal hierdie week oefening wees vir die Juniors op Maandag vanaf 16:00 - 17:00 en vir die Seniors op Woensdag vanaf 14:30-15:30.

7 **RUGBY**:

Datums om te onthou:

- Die 7's rugby vir 0/13A span is op Vrydag, 26 Februarie 2016 by Laerskool Republiek.
- Op 4/5 Maart neem die 0/13 span deel aan die St. Benedicts toernooi.
- Saterdag, 12 Maart speel ons te Laerskool Fonteine, weg, die 0/9 - 1ste spanne.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April.
- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!
- As daar enige pappa's is wat belangstel om te help afrig by ons B-spanne, kontak asb die skoolkantoor.
- Die program van die Rugby- en Netbaldag op 25 Februarie tuis, teen Laerskool Edleen.

RUGBYPROGRAM	
TYD	SPAN
13:30-14:15	0/9
14:20-15:05	0/10
15:10-15:55	0/11
16:00-16:45	2des
16:50-17:35	1stes

NETBALPROGRAM			
TYD	A	B	C
13:30-14:05	0/9B	0/10B	0/11B
14:10-14:45	0/9A	0/12B	0/13B
14:50-15:25	0/10A	0/12A	0/11A
15:30-16:05	0/13A		

8 **KOOR**:

- SENIORKOOR:
  Op 4 Maart gaan die seniorkoorlede weer karre oppas op die rugbyveld vir die Nagmark. Trek asb iets met 'n B aan.
- Die Jaarlikse koorkamp is op Vrydag, 11 Maart vanaf 14:00 - 20:00. Verdere inligting volg later. Dit is baie belangrik om dié kamp by te woon.

9 **STUDIEMETODE-KLASSE:**

- Eerste kwartaal vind die studiemetode klasse plaas op Woensdae vanaf 16:00 - 16:50, vir Graad 4 in Juf Sanet se klas. Datums: 24 Februarie; 2 Maart; 9 Maart.
- Dit is noodsaaklik dat elke klas bygewoon moet word, aangesien dit op mekaar volg soos 'n kursus.
- Jy benodig: Eksamenblok; Gekleurde penne; "Highlighter"; Studiemateriaal word verskaf!

10 **KENNISGEWING**:

Die Pa en Seun Visvang soos aangedui op die kwartaalprogram word uitgestel tot verdere kennisgewing.

11 **MINI-TENNIS:**

Afrigting begin eers in die 2de kwartaal. Verdere inligting sal deurgegee word.

12 **MINI-NETBAL:**

Ons begin oefen op Maandag, 29 Februarie soos volg:

Maandae, Dinsdae en Donderdae		
0/6 EN 0/8	14:00 - 15:00	Tennisbane
0/7	13:00 - 14:00	Tennisbane

- Nr 4 netbalballe is by Juf Alta te koop @ R100.

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF

LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG
GRAAD 1 BRING EN BRAAI

VOLTOOI EN STUUR ASB TERUG SKOOL TOE VOOR OF OP **24 FEBRUARIE 2016**

Ek/Ons _____ouers/voogde van _____

in Graad 1_____

□ ons _____(aantal) gaan die braai by woon

□ jammer ons sal dit ongelukkig nie bywoon nie.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG KONTAKNOMMER